Oktober 2020

Ebenhaéser Nuusblad

P.P.K. Carletonville Gemeente

Saamgestel deur
Elzabé Niemand

Blom waar jy geplant is

Inhoudsopgawe

1. Voorwoord
2. Gedagte uit die Pastorie
3. Spesiale Gebeurtenisse
4. Onthou u nog?
5. Die Sagte stem aan die anderkant
6. Jeug - Wie moet die skottelgoed was?
7. Bring hulde en ere aan die Here
8. Sondagskool
9. Feesvieringe in November 2020
10. Ons innige meegevoel
11. Bet-Sua Christelike Geskenk en Boekwinkel
12. Dienstye en Algemene Inligting

Voorwoord

'n Dankbare hart is ñ magneet vir ñ wonderwerk!

Dankie is so ñ klein en nietige woord, maar met ñ baie groot betekenins. Daar is altyd iets om voor dankbaar te wees. Soos Willian Barclay dit pragtig gestel het: "We must remember that if we face the sun, the shadows fall behind us, but if we turn our back on the sun, all the shadows will be in front of us." Staan elke oomblik in die lig en laat Sy lig jou oorspoel en beleef sò dat Maleagi 4:2 se belofte vir jou waar word: "Maar vir julle wat My Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal."

Dankbaarheid word ñ realiteit in ñ mens se lewe as jy besef, alles wat jy het, is ñ geskenk uit God se hand. 1 Thessalonicense 5:18 'Wees is alles dankbaar,...' Om dankbaar te wees is om tot die besef te kom van wat iemand vir jou gedoen en gegee het en wanneer ons ten volle besef wat God vir ons uit genade gedoen het, word dit ons dryfkrag om elke dag vanuit dankbaarheid te leef. Hierdie besef word dan ñ emosie, seker een van dié sterkste emosies waarmee ñ mens geskape is, wat dan die begeerte en drang skep om uiting te gee aan die Een wat aan jou goed gedoen het. Dankbaarheid is ñ besef plus ñ emosie plus ñ drang om op te tree.

Om ñ dankbare hart te hê verander jou lewe en dryf jou tot diensbaarheid aan God. Ons kan dan verby alles kyk wat vir ons moeilik is en God se oorvloedige seën raaksien en die vreugde ervaar wanneer ons weer goed doen aan ander. Ons moet net elke dag onsself herrinner waarvoor ons dankbaar moet wees om ons dankbaarheid 'lewendig' te hou. Jesus is God se onuitspreklike gawe waarvoor ons ewig dankbaar moet wees en dankbaarheid gee ons die vrymoedigheid om in God se teenwoordigheid in te gaan.

Dankbaarheid is God se wil vir ons want net Hy weet wat die beste vir ons is. Om dankbaar te wees beteken dat ons bereid is om God onvoorwaardelik te vertrou en verklaar ons dat alles vir ons ten goede meewerk omdat God ons lief het. Dankbaarheid is vir jou eie beswil.

Vanuit die Pastorie

Wel, wat ñ voorreg om u te kan groet in die wonderlike Naam van Jesus
Christus.

Die einde van seker een van die mees veeleisende jare nader baie vinnig en ons het rede om die Here te dank vir Sy vrede. Wanneer ek terug kyk oor die afgelope maande dan sien ek die hand van die Here absoluut in alles. U sou my dalk vra: Pastoor, het hierdie dinge julle dan nie ontstel nie? Dan wil ek met ñ eerlike hart antwoord; NEE! U sien, elkeen se oorwinning het afgehang of hulle die hand van die Here in die saak kon raaksien, of nie. Indien mense angsbevange sou raak, sou die plan van die Here in hulle lewe nie gestalte geneem het nie.

Dit was gedurende die week van die 27ste Maart 2020 wat die Gees van die Here met my gedeel het oor die benadering tot die Grendeltydperk. Eerstens moes ek sien dat baie van die werkers van God, in die Ou en Nuwe Testament, was gedurende hulle pad saam met die Here, in ñ grendel tyd. Simson het afgegaan na die rotskloof van Etam en daar gebly, totdat sy broers hom kom uithaal het met die gedagte om hom aan die Fillistyne oor te gee. U ken egter die einde daarvan, die grootste oorwinning oor die vyand ooit.

Ek glo met my hele hart dat die Here dit toegelaat het om ons, as

Sy kinders op die ontdekkingsreis te neem van wanneer ons uit die tydperk kom, daar ñ konfrontasie met die vyand sal wees en ñ magtige oorwinning.

Elia was in sy grendeltyd by Krit, toe by die weduwee in Sarfat, toe is dit reëntyd in Israel. Na die Apostel Paulus se bekering, het die Here hom vir drie jaar na die woestyn van Arabië geneem en toe hy daarvandaan terug keer, het hy onmiddelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie.Kind van God, midde in al die inperking, ingrendel en beperkinge, was die Kerk van Jesus Christus veronderstel om in krag daaruit te kom. Ek glo persoonlik dat daar ñ openbaring van die krag van God gaan plaasvind soos nog nooit nie.

Ek wil u met hierdie skrywe bemoedig. U kan stilstaan en wonder, of opstaan en God begin loof vir Sy openbaringe in die tyd. Ek vertrou dat u dit sal geniet en waaksaam sal wees om Sy plan in jou en my lewe te bereik.

Mag die vrede van Jesus Christus u deel wees.

Liefde groete.

Pastoor en Suster Marie

Spesiale Gebeurtenisse

Hartlik geluk aan Elsje Niemand en Wiaan Oosthuizen met die voltooiing van hul onderskeie grade. Ons is geweldig trots op hulle en bid die Here se rykste seën op hulle en wens hulle ñ voorspoedige toekoms toe.

Elsje het haar BHSc Beroepshigiëne graad aan die NWU Potchefstroom voltooi en werk nou as ñ Assistent Beroepshigiënis by NOHS Consultants, Roodepoort

Wiaan het sy Bachelor of Laws (LLB) graad aan die NWU Potchefstroom voltooi en werk nou as ñ Kandidate Prokureur by Wim Krynauw Attorneys, Krugersdorp

As gemeente wil ons vir Quintin and Angie Gorr hartlik geluk wens met die toevoeging van hierdie pragtige dogtertjie tot hulle gesin en familie. Mag klein Neah-Lee vir julle al die vreugde bring waarna julle so uitgesien het.

Onthou u nog?

1 Samuel 7:12

"Ebenhaéser...Tot hiertoe het die Here ons gehelp"

20

Ebenhaéser Gemeente Carletonville se tabernakel is 20 jaar oud!

Psalms 103:1-2

"Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, Sy heilige Naam. Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie!"

Die sagte stem aan die anderkant

Jare ....baie baie jare terug toe ek nog n klein seuntjie was, was ons van die eerstes in ons buurt om ñ telefoon te kry..daar was ñ hout kassie teen ons muur vasgemaak. En ek kon my verluister as mamma na die kassie toe gestap het...die telefoon se handvatsel gelig het en dan gevra het "Inligting asseblief."

Ek het geleer dat binne in daardie wonderlike kassie was daar ñ soet stem wat alles geweet het. Sy het geweet wat almal se nommers was...sy het almal se adresse geken en baie het ek gewonder of sy weet wat almal in hulle huise vir aandete nuttig.

Eendag was mamma uit en ek het verveeld in die huis rondgedwaal en naderhand op pa se hammer afgekom...ek het begin rondspeel en die hammer het met ñ baie harde slag op my vinger afgekom. Ek het die hammer neergegooi en groot trane gehuil...maar toe onthou ek daar is niemand by die huis wat my simpatie kan gee nie en het toe maar die trane gesluk. Terug in die sitkamer het ek toe die kassie teen die muur gesien en besluit om te maak soos mamma.



Ek het ñ stoel nader gesleep en die handvatsel opgelig en versigtig gese: ""Inligting asseblief"' Na ñ kort stilte kom die soet stem toe....Waarmee kan ek help... Ek het sommer opnuut in trane uitgebars en vir haar vertel die hammer het my raakgeslaan. Sy wou weet waar is mamma en ek het gesê ek is alleen.

Kan jy die yshouer uit die yskas haal...ja het ek geantwoord... gooi dan ys in ñ plastiek bakkie en hou jou vinger daarin.

Dit was die begin van gereelde oproepe. na "Inligting asseblief" Sy het my gehelp met my wiskunde... sy het my gesê wat om vir my mak eekhorinkie te gee om te eet...eendag het ek haar gebel en gevra...Hoe spel mens "fix" En toe die vreeslike dag toe my troetel voëltjie dood in sy hokkie gelê het. Ek was ontroosbaar en die sagte stem het my moed ingepraat en op my vraag waarom my voëltjie dood is het sy geantwoord...onthou daar is ñ baie beter en mooier plek waar hy nou weer moet gaan sing.

Jare het verby gegaan en ons het na ñ groot stad getrek met baie beter tegnologie en nooit maar nooit kon ek gewoond raak aan die telefoon wat op die tafel gestaan het en waar jy self die nommer moes skakel nie. Iets het vir my verlore gegaan.

Eendag het ek vir my tannie gaan kuier wat nog steeds op die plattelandse dorpie woon en ek kon my self nie keer toe ek haar kassie teen die muur sien nie...Ek het die telefoon opgetel en gesê..."Inligting asseblief". Wat kan ek vir jou doen, het die sagte stem gevra...Hoe spel mens "fix" het ek gevra... daar was ñ kort stilte toe vra sy... Is jou vinger darem beter....Jy het werklik nog onthou...Ek mis elke dag om met jou te praat sê ek... ja en ek het nooit kinders gehad nie en jou oproep was vir my ñ ligbaan in my lewe, het sy geantwoord.

Ek gaan net vir ñ week of twee weg en as ek weer kom wil ek hê ons moet saam gaan koffie drink. Dis reg so as jy weer terug is vra om met Sally te praat, het sy geantwoord. Toe ek terugkom het ek opgewonde die telefoon opgetel maar ñ vreemde stem het geantwoord.... Kan ek met Sally praat asb. Die vreemde stem sê toe jammer maar Sally het terminale kanker gehad en sy is ñ week gelede oorlede. Maar is jy Paul... ja antwoord ek... Sy het ñ briefie hier gelos en dit sê dat as Paul skakel moet ek vir hom sê dat Sally na ñ beter en mooier plek gaan....hy sal verstaan. En ek het verstaan.

Ek het later my Skepper ontmoet en toe ek leer om te bid, toe onthou ek die kassie teen die muur..... Enige tyd kon ek optel en die soet stem was daar...Ek kon enige iets vra...Ek kon alles met haar deel... sy het altyd geluister en sy het alles geweet.

Toe word gebed vir my ñ werklikheid....Ek kon net hier optel en direk in die Troonkamer het ñ STEM geantwoord. Ek kon alles vra... ek kon al my hartseer deel....Die STEM is altyd sag...altyd beskikbaar en weet alles. Die STEM is altyd aan diens.

Skrywer onbekend.

Jeug

Ons onderstebo wêreld van 'gedien' word (Vervolg)

So het 7 maande al aangeskuif in hierdie 'onderstebo wêreld' van ons en soos belowe, hier is die "Wie moet die skottelgoed was?", geskryf deur Rethie van Niekerk. Ek hoop julle geniet dit ook net so baie en dat ons almal met 'n ander oog na 'skottelgoed was' sal kyk.

Met baie liefde
Tannie Elzabé

Wie moet die skottelgoed was?

Wie gaan die skottelgoed was? Dit was een van die sentrale vrae van my kinderdae. Ek en my broer het altyd beurte gemaak. Om die een of ander rede kon ons nooit onthou wie gisteraand skottelgoed gewas het nie. Gevolglik was daar altyd ñ bakleiery, oor wie se beurt dit is om skottelgoed te was. Toe kry ons later jare nog ñ kleinboetie ook by. Nou is ons drie. As ons nie kon onthou wie se beurt dit was toe ons twee was nie, kan jy dink hoe ons gesukkel het toe ons 3 is!

Dit was vir my so erg, dat ek later ñ teorie ontwikkel het dat ouers kinders kry sodat hulle nie self skottelgoed hoed te was nie. Teen

die tyd wat ek ñ tiener was, het ons ñ skottelgoedwasmasjien gehad. Maar is dit ooit gebruik? Nee. Die kinders moes die skottelgoed was.

Ek het selfs op skool, toe ons vir ñ Afrikaans mondeling moes betoog, betoog teen skottelgoedwas. Ek het gepraat oor die fisiese en emosionele skade wat ñ mens opdoen weens die voortdurende skottelgoed wassery. Die onderwyseres het my notas geneem en vir haar ouers gevat. Want dis net so ñ groot storie vir volwassenes! Ek het dit al hier by ons gemeente gesien. Gelukkig maak blokke beurte om Sondae skottelgoed te was. Dit maak my hart warm wanneer ek sien hoe mense vriendelik agter die wasbak staan en kuier. Maar min mense hou van skottelgoedwas.

Skottelgoedwas het mettertyd vir my ñ simbool geraak van leierskap. Die paar keer wat ek genooi is om te gesels oor leierskap, het ek elke keer die beeld gebruik:

As jy ñ leier wil wees, moet jy bereid wees om "skottelgoed te was". Veral as jy ñ Christelike leier wil wees.

Bring hulde en ere aan die Here!

Psalms 100:1-2

"Gaan Sy poorte in met lof, Sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys Sy Naam. Want die Here is goed; Sy goedertierend is tot in ewigheid, en Sy trou van geslag tot geslag."

12 Oktober 2020

"Goeiemôre Pastoor. Ek moet van ñ wonderwerk getuig! Ek het Mei-maand ñ redelike groot liesbreuk operasie gehad wat lank gevat het om gesond te word. So 2 weke terug het ek iets swaars opgetel en het gevoel hoe die wond van binne oopskeur. Ek kom in die stadium nie terug gaan dat die Dr weer die wond heg nie en het in erge pyn geleef. Ek kon nie lank op ñ keer sit, staan, loop of lê nie. Die knop in my sy het al groter geword en ek kon skaars slaap in die nag. Ek moes my behoorlik toepak met kussings sodat ek nie per ongeluk in my slaap op my regtersy draai nie.

Gisteraand het ek op die lewendige uitsending van die diens ingeskakel en ek weet nie of Pastoor dit vir iemand anders bedoel het nie, maar toe Pastoor sê, "In die Naam van Jesus! Weefsel groei toe en spiere gaan namekaar toe en heg!", het ek my Bybel op die knop in my sy gesit en die genesing vir MY gevat! Toe ek gisteraand gaan slaap het , het ek al die kussings afgegooi en raai wat!!! Ek het vanoggend 6uur, vir die eerste keer in bietjie meer as 2 weke wakker geword, OP MY REGTERSY!!! Geen knop, geen pyn, dwarsdeur die nag geslaap! Is die Here nie groot nie! Alle eer aan die Groot Geneesheer."

12 Oktober 2020

"Ek't Vrydag my beursie met kontant en al my kaarte in PnP verloor. Na ñ hewige soektog by die huis, het ek gister in die kerk die Heer se hulp gevra. Vanoggend het my man, Corrie, die bestuurder in PnP gevra daarna en daar kry ek my beursie, met al die kontant en al my kaarte terug. Ek loof die Heer!!!"

21 Oktober 2020

"Middag Pastoor, wil net sê Pastoor het Sondag gepraat oor kontrakte wat geteken gaan word. Ek wil net sê, ek het vandag my kontrak geteken, met soveel dankbaarheid aan my Hemelse Vader wat vir my voorsien het. Nie my wil nie maar God se wil. Dankie vir al die bemoediging en motivering, al die eer aan ons Koning Vader."

22 Oktober 2020

"Môre Pastoor. Ek wil net getuig. Ek het ñ knie probleem gehad, so erg dat ek sekere aande gesukkel het om te slaap en ook gesukkel het om te loop, maar in gisteraand se diens, toe Pastoor sê die kraakbeen in jou knie is terug, toe raak God my aan. Ek is pynloos en kan normaal loop. Ons dien ñ lewende God."

"Die Here het my bevry van sigarette en drank en ñ gay leuengees."

"Ek het griep gehad wat oornag opgeklaar het. Prys die Here!"

"Ek het ñ lied in my hart vanoggend!"

24 Oktober 2020

"Die Here het ons van ñ ongeluk beskerm vandag! Al die eer aan die Here!"

25 Oktober 2020

"Ek vertrou die Here met my hele hart. Hy het my nog nooit teleurgestel nie!"

"Die Here het my volkome gesond gemaak van kroniese oorontsteking!"

Sondagskool

Hy leef! Hy het opgestaan!
Lees Luk 24 : 1 - 12 en maak saam met die vroue die wonderlike ontdekking. Kleur die prentjie in.

Feesvieringe in November

Verjaarsdae

3	Marie de Witt
4	Erna Nortjé
5	Hannes van Straaten
10	Manny Byleveldt
15	Marlene Geldenhuys
20	Pastoor W. Stols
22	Jaco Storm
23	Marise Kruger
26	Tilla Storm
28	Elise v. Niekerk
28	Johnny Britz
29	Gideon du Plooy

"Hy verheug Hom oor
jou met blydskap"
Sefánja 3 : 17

Huweliksherdenkings

8	Deon & Reinette Botha
11	Quintin & Angelique Gorr
15	Kenny & Paula Dadswell
16	Pieter & Marieta Stols

Ons Innige Meegevoel

As gemeente wil ons graag ons innige meegevoel betuig aan die volgende gemeentelede wat hierdie afgelope 7 maande ñ geliefde aan die dood afgestaan het. Ons gebed is dat die Here elkeen elkeen sal vertroos en versterk en dat Hy Sy arms om elkeen sal hou en Sy genade, daagliks om elkeen sal vou.

Ps. 34:19 "Die Here is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees."

Sust. Dina Botha
- Eggenoot: Br. Johan Botha - 1 Maart 2020

Br. Kenny en Sust. Paula Dadswell en Sust. Elona Matthysen
- Seun en broer: Past. Paul Cloete - 29 Junie 2020

Br. Willie en Sust. Lizellé van den Berg en kinders
- Sust. Lizellé se stiefpa, Christie Mulder - 16 Augustus 2020

Br. Brian Hauser
- Eggenoot: Sust. Ria Hauser - 20 Augustus 2020

Br. Robert Diedericks en familie
- Br. Robert se ma, Sust. Idith Diedericks - 19 September 2020

Br. Jacques van Deventer
- "Seun": Freddie van Deventer - 21 September 2020

Br. Mauritz en Sust. Lindie Uys en kinders
- Broer, Francois Uys: 3 September 2020

Br. Johan en Sust. Ribelda Struwig en kinders
- Sust. Ribelda se pa: Douw Kruger - 3 Oktober 2020

Br. Willie en Sust. Amy du Plessis
- Sust. Amy se broer - Buksie Ungerer

Advertensie

Sondagskool

Chicken Drumsticks - 1kg	@	R43.00
Chicken Thighs - 1kg	@	R37.00
Chicken Nuggets / Pops - 500gr.	@	R60.00
Chicken Fillets - 1kg	@	R61.00
Chicken Rounder Fillets - 1kg	@	R82.00
Chicken Patties - 1kg	@	R65.00
Hot Wings - 1kg	@	R80.00
Strips - 1kg	@	R87.00
Chips 7mm - 2.5kg	@	R72.00
Chips 10mm - 2.5kg	@	R63.00

Bestellings kan geplaas word by die Sondagskool Personeel

Cheddar & Gouda 800g R85

Cheddar & Gouda 400g R45

Sustersraad

Vir enige navrae of bestellings in dié verband kontak
Sust. Lizellé van den Berg
082 929 4555

Ondersteuningsraad

EIERS
@ R 50-00 vir 2.5 dosyn.
Vir enige navrae en / of bestellings, kontak:
Sust. Elzetté Smith - 082 854 8483

KOMBERSE

King-size	R 530-00	Firenzi	R 180-00
Lusso	R 145-00	Drie-kwart	R 310-00
Dubbelbed	R 420-00		

Vir enige navrae en / of bestellings, kontak:
Sust. Annika Day
073 400 0491

Bet-Sua

Christelike Boek en Geskenkwinkel

Boeke vir groot & klein
Christelike DVD's & CD's
Dagboeke & Joernale
Bybels & Bybelsakke
Skryfbehoeftes & Geskenke

BESIGHEIDS URE:
Maandag - Vrydag: 08h00 - 16h00
Pinkster Protestante Kerk
H/V Onyxrylaan & Maricostraat
Carletonville

Groot verskeidenheid geskenke vir
oud en jonk teen bekostigbare pryse.
Kom besoek ons gerus. Kaart fasiliteit beskikbaar.

Dienstye

Sondagoggend	08h30	Sondagskool
Sondagoggend	10h00	Oggenddiens
Sondagaand	17h30	Aanddiens
Woensdagoggend	10h00	Susters Biduur
Woensdagaand	19h00	Gemeente Biduur
Vrydagaand	19h00	Jeug Samekoms

Algemene Inligting

Pastoor W. Stols	082 566 0581
E-pos:	marwy@absamail.co.za
Pastorie:	018 786 1352
Kerkkantoor: / Faks:	018 786 1362
Webwerf:	www.ppkebenhaeser.co.za
Kerkkantoor epos:	kerkkantoor@ppkebenhaeser.co.za

Kerkraad Ampsdraers

Visie Voorsitter	Br. Willie v.d. Berg	083 424 9375
Tesourier	Br. Louwtjie Nortjé	083 251 2022
Sekretaris	Br. Seuverus Schoeman	083 570 4105

Sustersraad Ampsdraers

Sust. M. Stols	Boekkamer bestellings	082 826 0078
Visie Voorsitster	Sust. Lizellé v.d. Berg	082 929 4555
Sekretaresse	Sust. Erna Nortjé	082 314 6337
Tesouriere		

Sondagskool Ampsdraers

Superintendent	Br. Vivian v.d. Berg	083 308 2705
Visie-Superintendent	Br. Nick Steyn	083 642 4584
Sekretaresse	Sust. Rihelda Struwig	082 557 1766
Tesouriere	Sust. Melindi Els	082 990 4297

Br. Freddie Gorr **Vervoer** 083 991 0375

Bankbesonderhede

Standard Bank PPK Kerkraad Rek Nr. 02 215 7212
Carletonville Takkode 016 141